# hoofstuk 1
# LUKAS BOU ’N SPORTKAR

## Opsomming

Ons leer Lukas ken. “Oggende is sy gunstelingtyd van die dag” en hy het vroeg opgestaan om sy kartydskrif te lees en blokkies te bou. Hy speel saggies om niemand te pla wat nog slaap nie. Hy dink aan ’n oplossing vir die assies (*small axles*) waarmee hy sukkel. Die assies aan sy sussie se diere-ambulans sal werk en hy leen dit vir sy rooi sportkar wat hy self ontwerp het.

## Hoofstuk 1: Vrae

1. Wat is die titel van Hoofstuk 1?
2. Hoekom lyk die titel bekend?
3. Wie dink jy is die hoofkarakter van die storie?
4. Watter soort boek het Lukas die oggend klaar gelees?
5. Wie raak ’n bietjie kwaai as hulle nie genoeg slaap nie? Noem twee persone.
6. VUL IN:
   Lukas is ’n ____________ blokkiesbouer.
7. Hoe oud is Lukas? Skryf ’n aanhaling neer om jou antwoord te bewys.
8. Wanneer is Lukas se gunstelingtyd?
9. Wat is Lukas besig om te ontwerp?
10. Wat is die ander lekker ding van vroeg in die oggend bou? (bladsy 7)
11. Waar het Lukas se ma die blokkiekatalogus gekry?
12. Wie dink jy is Lalie? Hoekom sê jy so?
13. Wat dink jy bedoel Lukas as hy sê partykeer is dit lekker as hy haar “per ongeluk” wakker maak?

14. Soek die drie woorde wat vir jou sê Lukas sluip baie versigtig en baie stadig nader aan die diere-ambulans.
15. Wat is die klankwoord (klanknabootsing) wat gebruik word boaan bladsy 10?
16. Hou jy daarvan dat die klankwoord só gebruik word? Hoekom?
17. Skryf die twee intensiewe vorme neer wat gebruik word op bladsy 10.
18. Dink jy Lukas hou van planne maak? Antwoord ja of nee en gee 'n rede vir jou antwoord.
19. Skryf die personifikasie op bladsy 11 neer.
20. Wanneer is die toweruur wanneer enigiets moontlik is?

**Woordeskat**

| | |
|---|---|
| stilletjies (bl. 5) | oplossing (bl. 7) |
| loer (bl. 5) | sluip (bl. 9) |
| assies (bl. 5) | verlig (bl. 9) |
| op knip (bl. 6) | "per ongeluk" (bl. 9) |
| ure aaneen (bl. 6) | voetjie vir voetjie (bl. 9) |
| ontwerp (bl. 7) | op dreef (bl. 11) |
| hobbelrige (bl. 7) | suutjies (bl. 11) |

# antwoorde

## Hoofstuk 1:

1. Die titel is **Lukas bou 'n sportkar**.
2. Die titel lyk bekend, want dit is amper dieselfde as die storie se titel.
3. Ek dink **Lukas** is die hoofkarakter van die storie.
4. Lukas het sy **kartydskrif** klaar gelees.
5. Lukas se ma. / Lukas se sussie.
6. Lukas is 'n bobaasblokkiesbouer.
7. Lukas is **nege jaar oud**.
   "Hy kan beter bou as enige ander negejarige wat hy ken."
8. **Oggende** is sy gunstelingtyd.
9. Lukas is besig om 'n **rooi sportkar** te ontwerp.
10. Hy kyk met vars oë en 'n wakker brein na moeilike stukke bouwerk.
11. Lukas se ma het die blokkiekatalogus by die **speelgoedwinkel** gekry.
12. Lalie is **Lukas se sussie**, want sy bly in dieselfde huis as Lukas. *OF ...* want Lukas sluip na sy sussie se kamer om die assies te kry.
13. Lukas maak sy sussie eintlik aspris wakker, glad nie per ongeluk nie, sodat hy met haar kan speel.
14. "voetjie vir voetjie"
15. DOEF!
16. Ja, want jy kan sien dat die woord hard klink. Die donkerdruk en hoofletters laat die woord ook hard lyk.
17. stokstil; kliphard
18. Ja, ek dink Lukas hou van planne maak. Lukas dink aan 'n plan om die assies wat hy nodig het uit die diere-ambulans te haal.
19. "... die bome se skaduwees sy muur en boekrak bekruip."
20. Die **toweruur** is:
    wanneer dit begin lig raak. *OF*
    wanneer die ligte vroegoggend-sonstrale in bane by sy venster inskyn.